

9 Desember - VRUGTE

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-17

Fokusgedeelte: Johannes 15:5

Dit was die aand na die instelling van die nagmaal. Judas Iskariot het pas die vertrek verlaat om Jesus te gaan verraai. Hoekom het Judas uitgeval uit die dissipelkring?

Met hierdie gelykenis plaas Christus perspektief op die gebeure. Soos die vrugbaarheid van die loot afhang van sy verbondenheid aan die wingerdstok, so hang die vrugbaarheid van die Christelike lewe ook daarvan af of ons in Christus bly (vs 4).

Om in Christus te bly, beteken 'n ware geloofsverbintenis met Hom, wat Hy bewerk het deur sy lewe in liefde vir ons te gee (vs 13). Uit daardie geloofsverbintenis kom dan geloofsvrugte soos liefde, gehoorsaamheid, gebedsvolharding en vreugde.

So word dan ook bevestig wat die Here Jesus sê: *“Wie in My bly, en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie”* (vs 5).

Wie nie vrugte dra nie, is nie regtig “in” Christus nie, al beweeg hulle vir 'n tyd lank saam met Hom soos Judas. Daarom word hulle afgesny en uiteindelik in die vuur gegooi.

Dit hang saam met wat die Here Jesus in Matteus 7:21 sê: *“Nie elkeen wat vir my sê ‘Here, Here’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.”*

Om in Christus te bly, beteken dus nie om net 'n uiterlike navolger van Christus te wees. Dit beteken selfs nie om in sy Naam te preek of in sy Naam duiwels uit te dryf nie, of om in die regte geselskap 'n paar mooi dinge van Hom te sê nie. Dit beteken wel om, deur sy Gees gelei, uit liefde vir Hom sy opdragte uit te voer.

As u so in Christus bly en Hy in u, sal u goeie vrugte dra in God se koninkryk.

Sing: Skrifberyming 21 (9-4):1

Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)